



SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

# Grammatikakursus

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Wil jy graag jou Engelse grammatika verbeter en jou kennis van die taal uitbou?** Sluit aan by hierdie kursus en verfyn jou kommuniksievaardighede verder.

## Waarop fokus hierdie kursus?

As jy 'n professionele persoon is wat beter verstaan wil word, 'n tweedetaalspreker is wat 'n manier soek om te weet wanneer om that of which te gebruik, 'n skrywer is wat dalk tussen twee tye verskeurd voel, 'n redigeerder dieper wil delf in die taal, of 'n Engelssprekende is wat vrae het oor die taal wat hulle gebruik, dan is hierdie kursus net vir jou.

- Jy sal jou begrip van die struktuur van Engels verbreed om sowel jou geskrewe as gesproke kommunikasie te verbeter.
- Jy sal die geleentheid kry om selfvertroue oor jou taalgebruik te ontwikkel.
- Saam sal ons sinne dekonstrueer om al die maniere te verken waarop woordsoorte en tye ons kan help om sinvol met ander om te gaan.

## Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jou werk van jou vereis om duidelik en doeltreffend te kommunikeer, en/of as taal nie die hooffokus van jou studies was nie, dan is hierdie kursus vir jou. Die kortkursus is gemik op mense wat dalk nie Engels as eerste taal praat nie, maar wat in 'n oorwegend Engelse werksomgewing funksioneer. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm.
Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Regstreekse aanlyn sessies** (10:00 tot 12:00) | **Openings- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 4, 11, 18 en 25 Maart, en 1 April | 25 Februarie tot 15 April | 11 Februarie |
| **Aanbieding 2** | 19, 26 Augustus, 2, 9 en 16 September | 12 Augustus tot 30 September | 29 Julie |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- een regstreekse aanlyn sessie per week van twee uur elk
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

## Wie is die aanbieders?

**Dani Favis** is 'n fasiliteerder, opleier van fasiliteerders en leermateriaalontwerper. Sy is die gelukkigste wanneer sy taalkursusse fasiliteer, want dit kombineer haar gunstelingdinge: die fynere kunsies van kommunikasie en om mense te ondersteun om nuwe vaardighede te ontwikkel. Sy is bekend daarvoor dat sy komplekse konsepte maklik maak om te begryp, en dat sy 'n genotvolle en bemoedigende leeromgewing skep.



**Cornelia Grobler** is geesdriftig oor taal en taalonderrig en het ervaring in akademiese sowel as besigheidsomgewings. Sy is 'n uitsonderlike aanbieder met 'n kalm en metodiese benadering tot leer. Sy is Kundig oor aanlyn leer en onderrig.



## Die kursusfooi is R5 800 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812